BURGER (Kaap Stedelik), Saterdag
25 Oct 2014, p.11

Posskip vaar al vir 25 jaar

Die posskip RMS St. Helena het vandeesweek 25 jaar oud geword. Die passasier- en voorradeskip, wat tans in die Kaapstad-hawe vasgemeer is, vaar een tot twee keer per maand van Kaapstad na die eilande St. Helena en Ascension in die Atlantiese Oseaan. Die RMS St. Helena is slegs een van vier bestaande koninklike posskepe wat oor is, en 'n geleentheid is Woensdagaand op die boot gehou om sy 25ste bestaansjaar te vier. Daar word tans 'n lughawe op St. Helena gebou. Dit sal na verwagting teen 2016 voltooi wees. Dan sal die RMS St. Helena nie meer die eiland besoek nie. Sy laaste vaart is in Mei 2016. Foto: LULAMA ZENZILE

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.